Lewe

Kyk net na die kleintjies. My goeiste! Die oes van môre. Julle weet, ek dink dat ons dalk net die gewone tabernakel groep hier is. Maar as daar, per ongeluk, iemand hier sou wees, wat dit hulle eerste keer by ons is, wil ons julle beslis verwelkom. En ons wil duidelik maak hoe ons kinders aan die Here toewy.

2 Julle sien, in die Bybel, baiekeer het ons mense vandag, wat afleidings maak van hoe hulle hierdie dinge moet doen. Maar ons, hier, probeer net nougeset bly by hoe die dierbare ou Woord dit doen. Dan, en dit word nooit oud nie, dis altyd nuut, want dis God se manier om dinge te doen.

3 Nou toe ons dierbare Verlosser hier was, die Here Jesus, toe hulle kindertjies na Hom toe gebring het om die werk te doen, of hoe kindertjies vereer moet word, wel, het Hy hulle in Sy arms geneem en hulle geseën. En Hy het gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom, want aan hulle behoort die Koninkryk van die Hemel."

4 En hulle het die kindertjies gebring, en hulle toegewy. Met ander woorde, hulle het hulle net vir Hom gegee, en Hy het hulle geseën. En nou is dit aan ons oorgelaat, as die Kerk, om die werk voort te sit wat Hy gedoen het toe Hy hier op aarde was. En dis wat ons probeer doen.

5 En ons het sowaar 'n klomp oulike outjies wat teen hulle pappas se bors lê, vanmôre. En net . . . Broer Junior se kleintjie. En Junie, nog 'n Junie hier, Weber se kleintjie. En—en Broer Stricker se klein . . . Laat ons sien, ek glo hierdie een is 'n dogtertjie; dogtertjie, en 'n seuntjie. Twee dogtertjies en 'n seuntjie. Goed. Dis gaaf. En die kleintjie daar, het jy gehad, of sy het net saam met jou gekom. Dis gaaf.

6 Wel, ek's gelukkig en bly dat die Here julle huise geseën het met hierdie geskenke van hierdie tekentjies van liefde. Julle weet, wanneer dit 'n punt bereik dat—dat vroue nie meer kinders liefhet nie, is hulle nie meer vroue, volgens my opinie nie. Ek hou van kleintjies, en—en—en iets omtrent hulle.

7 My kleintjie daaragter, hy's . . . Meda het gesê: "Jy was te oud om dit te hê."

8 Ek het gesê: "Nee, wanneer God hulle stuur, is hulle net betyds. Dis reg. Hulle is net presies betyds. En so ek weet wat dit beteken, vir die huis.

9 En baie jongmense, hulle sê: "Wel, ons kan nie kinders hê nie. Ons sal wag tot ons later kry, ensovoorts." Net soos God hulle stuur, ontvang hulle, want hulle is die band wat die harte en huise saambind, klein kindertjies.

10 Nou, ons gaan afstap saam met die ouderlinge hier, as julle sal, na hierdie kleintjie hier, siende dat hy aan ons regterkant is, seker te maak . . . [Lëe kol op band. Broer Branham wy die kinders toe aan die Here—Red.]

11 Ek en my vrou, daaragter, ons het deur Arizona gesoek vir jou, 'n paar weke gelede, oorkant by Parker, oral, om jou te probeer vind, en kon dit nie regkry nie. En hulle het vir my gesê jy was by die reservaat aan die anderkant van die rivier, so ek het jou misgeloop. En ek het gehoor jou vrou was siek, en ek het vir Broer Hooper gesê om vir jou te sê om haar hiernatoe te bring sodat ons saam met haar kan bid. Ons sal vir die siekes bid, net . . . behalwe as sy net baie, baie siek is en nou voor gebid wil word.

12 Ons gaan 'n—'n ry hê netnou, sodra ek 'n bietjie gepraat het. Of, wou jy hê ek moes preek, Broer Neville? [Boer Neville sê: "Ja, meneer."—Red.]

13 Een aankondiging wat ek vanmôre wil maak. En, dan, ons sal nie lank praat nie, en dan miskien vanaand klaarmaak. Daar was hierdie aankondiging, wat ek graag . . . As enigiemand in die buurt bly, dat hulle wel met die bure sal praat hieroor. Die bure het my hier gebel. Veral een, in die buurt, het my eergister gebel, en dit was oor seuns wat bal speel op gronde hier. Hulle het 'n gebreekte venster en 'n ingeduikte gaasdeur gehad, beskadigde tuin. Gesê . . . Die kindertjies, die bure weet almal hulle wil speel. Sekerlik. Hulle is net kinders. Maar hulle het hulle bal oorkant toe geskop en—en hulle tuine en goed gebreek. En ek dink daar's 'n paar seuntjies hier, in die buurt, wat ingesluit was.

14 En hulle—hulle was baie gaaf met ons. Hulle het nog nooit gekla, die bure, die aande nie. En ons raak 'n bietjie luidrugtig hierrond, julle weet, laat in die aand, maar daar's nooit niks daaroor nie. En julle weet hoe hulle kon; hulle met ons kon baklei daaroor, as hulle wou. En ons glo daarin om in net sulke vrede met ons bure te lewe, as met . . . "Lewe in vrede met alle mense, sover as moontlik." En, so, ons wil dit doen.

15 En, nou, as daar geen ander plek in die stad was nie, of nêrens vir die kinders om bal te speel nie, sal ons kyk of ons nie vir ons 'n baie hoë heining rondom kon bou nie, sodat die bal nie sou oorgaan en ons bure pla of hinder nie. Maar, net hier in Ingramville, net daar, het hulle 'n openbare baldiamant, vir alle kinders, en speelgronde vir hulle om te speel. Net bokant Agtste, by die begraafplaas daar, het hulle die speelgronde vir die hele stad daar, om bal te speel en wat julle ook al graag wil speel.

16 Ek het nie 'n besluit gemaak nie. Ek het die kerkraad gebel, vanmôre, en hulle gevra wat ons moet doen, sodat ons in vrede met ons bure kan wees, en ons vriende en alles kon hê, en ons mense sou verstaan. En hulle het besluit dat dit miskien 'n goeie

ding sou wees vir ons dat die seuns nie meer bal speel op die gronde nie. Want, dat dit sou wees . . .

17 Nie dat ons omgee dat hulle dit doen nie; die kerk gee nie om nie, goeiste, 'n venstertjie, lig nou en dan. Maar ons moet aan ons bure ook dink, julle weet. Ons moet aan hulle dink. En ons wil lewe soos Christenhere en dames. En ons net . . . Hulle gaan . . .

18 Ek het vir hulle gesê, die enigste ding wat hulle kon doen, ons sal net 'n kennisgewinkie opsit, dat die seuns nie moet bal speel daar nie. En hulle . . . ons . . .

19 Nou, as enige van julle bure hierbinne is, dat julle kinders hier op die gronde speel, is ek seker julle verstaan, sien, dat ons nie wil hê ons telefone en goed, en die polisie hierbo, of so-iets, vir die breek van 'n venster, ligte en goed nie.

20 En julle seuntjies, as julle seuntjies hierbuite is, en dogtertjies, met die bal speel, en hulle sien die kennisgewing daarbuite, moenie . . . "Om nie bal te speel nie." Wel, nou, ons wil nie onbeskof wees met die kinders nie; maar ons wil ons bure respekteer. Ek's seker, almal sal dit verstaan.

21 En ek sou nie daardie besluit alleen maak nie. Ek het die raad gevra om in te kom vanmôre, en hulle gevra. En dit was hulle besluit, ook, gedink dat ons in vrede met ons—ons vriende moet leef.

22 En hulle het nou 'n balplek hier reg oorkant, net omtrent twee blokke af van reg waar ons nou is, dis 'n yslike groot diamant, en so kan julle soveel bal speel as wat julle wil.

23 Nou, mense wat heen-en-weer loop daardeur, dit beteken nie dit, dat hulle nie daardeur mag loop of enigiets nie; sal heeltemal reg wees.

24 En eendag, hoop ek, as die Here wil, en Jesus vertoef, om 'n —'n amptelike parkeerterrein daar te maak vir die kerk, as ons nie 'n groter kerk bou, en oprig nie. En as eendag die . . . Wel, terugkeer, sodat dit groot sal wees, 'n werk hier hê, wel, ek en Broer Neville albei daarby betrokke wees, ensovoorts. Ons sal bou 'n . . . Net daardie gronde gebruik vir 'n groot kerk, en 'n yslike groot kerk hier plaas, en dit op daardie manier doen. So, ons—ons het daardie gekoop terwyl ons kon koop.

25 [Broer Roy Slaughter praat met Broer Branham en bied sy vragmotor aan om klip aan te ry—Red.] Dankie, Broer Roy, dis baie gaaf, as daardie, as hulle 'n besluit kan neem om dit te maak. As hulle dit 'n parkeerterrein maak, sou dit net die ding wees om te doen. Dis baie gaaf. [Broer Slaughter praat weer oor die parkeerterrein.] Ja. Ja. Ja.

26 Hulle gaan ons keer om te parkeer . . . Ons het, alreeds, aan een kant van die straat daar, so ons sal—ons sal bietjie—bietjie voorbereiding moet doen. En eintlik, hierdie plek, hierdie parkeerterrein net hier, dis die stad s'n. Dis reg. Ons . . . Ons het

net ’n baie klein stukkie hier, nie *so* ver nie, tot ons die straat net daar tref. Die straat kom eintlik deur Brakeman se huis daar, en kom reguit af en sluit daar aan. Dis die ompad. Want, hierdie was ’n dam, jare gelede, toe hulle dit opgevul het. En toe ons grond opgemeet is, is ons reg teen die sypaadjie, net daar, julle sien. So, ons het geen voorkant nie. Dis net die welwillendheid van die stadsraad daar nou. En so hierdie sal ons s’n wees, agter na *hierdie* kant toe.

27 So, dan, ek’s tussen, -in, ensovoorts. En ek, o, ek’s net ’n—’n —’n westewind, glo ek noem hulle dit, of iets. Ek—ek kan nie gevestig raak met niks nie. En, maar, mag wees dat die Here eendag met my praat om hiernatoe te kom en net hier te bou, ’n yslike groot tabernakel, en mense van die verskillende dele laat inkom. As dit sou, gaan ons daardie nodig hê. So, julle sien, ons wil dit nie verkoop of dit vernietig nie. Ons sal, sal ons dit opvul, en dit skraap daarbuite, en die kerk hoog plaas, en trappe wat oploop soontoe, en alles. En dit sal die hele situasie verbeter, julle sien. En—en ek is seker die Here sal elke sent daarvan voorsien, net wanneer ons gereedmaak om dit te bou. Omtrent ’n honderd-en-vyftig-, tweehonderdduisend dollar plek, en ons eie uitsaaikamers en al die res hier hê, en dienste wat aangaan, die heeltyd. So, ons weet nie wat ons Here sal doen nie. Ons bid net oor hierdie dinge, en evangelisasie ensovoorts.

28 En partykeer sê ek vir die Here: “Wel, U het vir Oral Roberts en Broer Allen. En U het vir Billy Graham en hulle almal daarbuite. Tot watter nut is ek in elk geval?” Maar net . . .

29 Ek moet net doen wat Hy vir my sê om te doen, julle sien. So, ek bly net soort van stil daaroor. Nou, elkeen sal dit verstaan, ek’s seker. En die Here seën julle.

30 Nou, laat ons sien. Dis net ’n bietjie laat, so ons sal net Sondagskool, miskien, en preek, bymekaar sit, Broer Neville? [Broer Neville sê: “Ja.”—Red.]

31 En ons is bly om te hoor van sy babatjie, ook, nie waar nie? Goeiste, so mooi! En sê dis ’n profetes. [Broer Neville sê: “As dit enigiets is.” Broer Branham en Broer Neville lag—Red.] Goed. Wel, ons is—ons is bly vir hierdie profetessies, julle sien, en alles. Ek dank net die Here vir hulle.

32 Julle weet, die vroue is aan die toeneem hier in die volk, egter, julle weet. Dis waaraan ons dink, julle sien. Ek dink dis—dis omtrent drie tot vyf. Drie . . . Uit vyf kinders wat gebore word, is drie van hulle dogtertjies. En die vroue raak groter; die mans raak kleiner.

33 Vroue neem oor. Natuurlik, dis net die verloop en die profesie van die dag, dat hierdie volk ’n vrou se volk is. Dit sal bestuur word deur ’n vrou. En onthou, der- . . . 1933, het ek dit sien kom in ’n visioen, ’n groot magtige vrou sal eendag die hele

volk oorneem, dis presies reg, voor die endtyd, voor totale vernietiging.

34 Die motors, in daardie dag, sal gevorm wees soos 'n eier, wat agtertoe loop, in hierdie vorm hier. En dit sal beheer word deur een of ander soort krag, dat hulle nie eers die stuurwiel hoef te gebruik, somtyds nie. [Broer Branham klap sy vinger een keer—Red.] Stel haar net, en gaan aan soos daardie. Sien, voor die vernietiging! Nou, julle onthou, dis, nou, dis op rekord. Sien?

En vroue sal oorneem. Vroue sal oorneem.

35 En—en die doktrine van Katolieke kerk, wat ek altyd gesê het sal die Verenigde State oorneem, is absoluut amper daar net nou. Sien? Aanbidding van 'n vrou, Maria, wat 'n godin is, en wat teenstrydig is met die Bybel. En voorspraak maak met die dooies, wat teenstrydig is met die Bybel. En al hierdie dinge hier, en net reguit opbeweeg.

36 En partykeer dink ek, deur hierdie dinge te weet, dat ek 'n plek behoort te hê waar ek kan vestig en begin onderrig, julle weet, en net—net aanhou, soort van. En nou, in die kerke nou, kry ek nie die geleentheid om aan te gaan, behalwe net vir 'n paar ure en vir die siekes te bid, en weg nie; en net te trek, net vir die siekes te bid. En daar's meer as net vir die siekes bid, in die Bybel, julle weet. Ja. Baie dinge om te—te doen.

37 Wil verslag doen van die diens in Kanada, een van die beste dienste wat ons nog ooit gehad het in die Noord-Amerikaanse vasteland. Ek het nog nooit, in my lewe, (Mnr. Mercier sal dit neerskryf, en hulle), enigiets sien gebeur soos wat dit het in die Kanadese diens nie. En, natuurlik, die Pinkstermense het my botweg geweier. Alles daar was Baptis en Angelikaans, ensovoorts. Oral, het die Pinksters my geweier, omdat ek nie "die bewys" van die Heilige Gees wil aanvaar, as bloed wat uit jou hande loop, en olie wat uit jou hande loop, en sulke goed, en reënboë sien, en al daardie goed nie. Sensasies dui nie op verlossing nie, glad nie. Ons kom plegtig deur geloof. Ons glo God, en—en dis al. Sien? Toe, so, hulle het briewe vooruit geskryf, na Kanada, en die Pinksters het net eenvoudig uit die pad uit gekom soos daardie, maar wou geen samewerking gee of niks te doen hê met die diens nie; omdat ek dit nie wou aanvaar nie. En so het ek steeds . . .

38 Maak nie saak wie Dit aanvaar, of wat dit doen nie, ek bly by die dierbare ou Bybel. Amen. Hierdie is God se Woord. En as ons alleen moet staan, sal ons alleen staan, 'n kerk bou. Dis reg.

39 Nou, voor ons Sy—Sy Woord nader, laat ons net ons hoofde buig vir 'n oomblik van gebed.

40 Dierbare Vader, ons is baie dankbaar teenoor U vir hierdie tyd van gemeenskap saam rondom die Woord, en hierdie heilige orakels van God. En mag, terwyl ons deelneem aan Hulle, deur die lees en die aanhoor, mag die Heilige Gees Hulle inspireer aan

ons harte, dat, wanneer ons vandag vertrek, ons sal sê soos dié van Emmáüs: "Dit was goed vir ons om hier te wees. Ons harte het in ons gebrand, omdat Hy langs die pad met ons gepraat het." Ons vra dit in Sy Naam. Amen.

41 Nou, ek het gekies, vandag, as dit die wil van God is, my onderwerp word gevind in—in. . . oorkant in die Boek van die Psalms, 63.

> *O God, U is my God; U soek ek: my siel* dors *na U, my vlees* smag *na U, in 'n dor en uitgedroogte land, sonder water;*

42 Luister net na die psalmdigter!

> *Só het ek U in die heiligdom aanskou, om U sterkte en U heerlikheid te aanskou.*
>
> *Want U* goedtierenheid *is beter as die lewe; my lippe moet U prys.*
>
> *Só sal ek U prys my lewe lank: in U Naam my hande ophef.*
>
> *Soos met vet en vettigheid sal my siel versadig word, en my mond sal roem met jubelende lippe:*

43 Nou mag ons Here Sy seën voeg by hierdie Woord. My onderwerp word vanmôre gevind in *L-e-w-e*, vier lettertjies.

44 En soos die psalmdigter, Dawid, hier gespreek het, werk God altyd met die mens net volgens die manier wat hulle verstand werk. Nou, God het met Dawid gewerk, soos 'n groen weivelde en stil waters, ensovoorts. En Dawid daarbuite, nadat hy soveel lewe gesien het, hoe God in die boom gelewe het, en hoe Hy in die blomme gelewe het, en hoe Hy in die—die kabbeling van die stroom gelewe het.

45 As enigeen ooit afgestap het langs 'n stroom waar die watervalletjie is, en daardie konstante kabbeling gehoor het. O, ek kan daar gaan lê en aan die slaap raak, net so maklik. Ek het nog nooit in my lewe 'n slaappil gedrink nie. Ek was al baiekeer in die versoeking om dit te doen, in my dienste, wanneer ek baie ontsteld was, maar God het my tot dusver gehelp. Maar, ek sê vir julle, ek glo dit sou beter wees as elke slaappil wat hulle in 'n apteek kon hê. Jou net neerlê langs 'n kabbelende, klein stroompie, en 'n rukkie bid, en: "Nou lê ek my neer om te rus," en net daar te lê. O, daar is iets daaromtrent wat rustig is. Ek hou so baie daarvan!

46 En Dawid het hier gesê: "Ek net. . . My siel dors net na U!" Luister net.

> *O God, U is my God; U soek ek: my siel dors na U, my vlees smag na U, in 'n dor en uitgedroogte land, sonder water;*

47 Dan gaan hy voort om te sê:

Want U goedtierenheid *is beter as die lewe, . . .*

48 Nou, daar's niks, skynbaar, enigsins beter as lewe nie. Wat kon ons reken vanmôre wat beter as lewe sou wees? Maar, Dawid sê: "U goedertierenheid is beter, vir my, as die lewe." Nou, ons wonder, dan, die woord lewe moet dan 'n—'n—'n veelvuldige betekenis hê, moet meer as—as—as een ding beteken. Lewe, self, beteken "'n bestaan." So, dan, as "U goederterenheid béter is as die lewe," wat kan dan enigsins beter wees? Want, God alleen het Ewige Lewe. God alleen het Ewige Lewe. As ons dit nou kan duidelik maak, sal dit vir ons maklik wees om die groter prentjie te sien wat God voor ons plaas, hoedat, eendag, dat alles wat nie van God is nie, sal verdwyn en vergaan, en weggaan.

49 Nou, alles wat 'n begin gehad het, het 'n einde. Daar is niks wat ooit begin het, wat nie 'n einde het nie. Maar iets wat nie 'n begin gehad het nie, het geen einde nie. En—en God alleen is die enigste Een wat 'n "nooit begin" gehad het. "Hy het geen begin van dae of einde van jare gehad nie." En, daarom, moet ons 'n deel word van God, deur geboorte, om te lewe, 'n Ewige bestaan te hê.

50 Dan, sonde en lyding, en alles, moet 'n punt bereik waar dit glad nie bestaan nie, omdat dit 'n begin gehad het. Daar was 'n tyd toe daar geen siekte, geen sonde, geen verdriet, geen dood was nie, en toe het dit gekom deur 'n verdraaïng. So, al die verdraaidheid moet weer eindig. En alles wat was, die begin gehad het, moet eindig, sodat die Ewige vir altyd kan bestaan. Sien julle wat ek bedoel?

51 Dis die rede waarom dit heeltemal onmoontlik is vir enige persone om ooit gered te word buiten die nuwe Geboorte. Want, mense word wedergebore deur die Gees van God, en word 'n deel van God. Hulle bestaan is Ewig soos wat God Ewig is. "Hulle kan nooit vergaan nie," het Jesus gesê. "Niemand kan hulle uit My hand ruk nie. Hulle is van die Vader, Goddelik." En daar is niemand wat hulle kan neem of hulle skei nie, want hulle is 'n deel van God.

52 Nou daar is nie een van ons wat geleerdes is nie. Ek's—ek's 'n baie, baie swak opgeleide persoon. Maar, partykeer wanneer ek woorde soos daardie tref, ondersoek ek dit, om uit te vind, vat net daardie een woord. Ek het vriende en Bybelleraars wat die Grieks, of die Hebreeus kan vat, [Broer Branham klap sy vingers drie keer—Red.] en dit net enige plek deur die Skrif laat gaan. Maar ek moet dit net woord vir woord neem, en dit ondersoek.

53 En ek vind uit, dat, toe Hy gesê het: "Ek gee vir hulle Ewige Lewe." Kom van die woord, Griekse woord, Zoe, Z-o-e. En *Zoe* is God, God se Eie "Lewe." En dan, so seker as wat ons deel het aan Zoe, bestaan ons Ewiglik soos God Ewiglik bestaan. Daarom, deur deel te hê aan 'n gedeelte van God, word ons Ewiglik geseënd en gered, vir altyd en vir altyd, sonder einde, sonder

begin. Ons word 'n deel van God. As julle oplet, dat hierdie groot begin, jy vat . . .

54 Iemand het die vraag gevra: "Wie is hierdie groot Jehova? Waar het Hy begin?" Hy het geen begin gehad nie. Hy was vir altyd God. En Hy is . . .

55 Nou, die woord *vir altyd* beteken net "'n tydsbestek." Maar, Ewigheid beteken "vir altyd." Maar, *vir altyd*, die woord *vir altyd* in die Hebreeus, beteken "bestek, bepaalde tyd," want dit is in die meervoud: "vir altyd en vir altyd." Sien? Dit beteken twee vir altyds. Sien?

56 Maar, in Ewigheid, is een, volledige. Ewigheid is 'n—'n sirkel wat geen einde het nie. Dit het nooit 'n begin gehad nie en dit sal nooit 'n einde hê nie.

57 En hoedat ons, in die wêreld, weet dat daar 'n ware, egte gees van liefde is. Daar is 'n ware, egte gees van getrouheid. Daar is 'n ware, egte gees van eerlikheid. Hoeveel weet dit? Ons weet dit. Ons sien dit. Wel, dit is God, die—die einste fontein.

58 Kom ons sluit ons oë, vir ons verbeeldings, vir 'n paar oomblikke, en gaan ver terug in die . . . voor daar enigiets was.

59 Die groot fontein van alle Ewigheid was daardie Gees van liefde, vreugde, daardie Gees van eerlikheid, daardie Gees van egtheid, in hierdie volmaaktheid. En toe, uit die bestaan van die Vader, het die Logos gegaan, wat die Seun was, wat 'n Teofanie was, wat die Liggaam van die groot Jehova God was, uitgegaan in 'n hemelse Liggaam. Dis die Logos. Die Woord het uit daardie groot fonteine van Lewe gespreek, en uitgegaan. En daar was die—die Teofanie, wat God was, wat gemaak is in Woord.

60 Toe het daardie Teofanie vlees geword, in die persoon Christus Jesus. En toe het die hele volheid van die drie-eenheid in Hom gewoon, beide Vader, Seun, en Heilige Gees, alles daarin.

61 En dis presies hoe ons teruggaan, reguit terug na die oorspronklike begin, van God. Daar word ons wedergebore, nie uit vlees nie; wedergebore, nie uit bloed nie; maar wedergebore uit die Gees. En in daardie Ewige Gees van liefde en eerlikheid, kom af om Sy plek in ons in te neem.

62 En dan wanneer ons sterf, uit hierdie lewe uit, gaan ons in die liggaam in. "Wat, as hierdie aardse tentwoning afgebreek word, het ons 'n teofanie om in in te gaan, 'n hemelse liggaam."

63 Dan, by die Koms van die Here Jesus, word hierdie liggaam weer van die aarde af opgetel, en tot 'n verheerlikte staat gevorm, om vir ewig in Sy Teenwoordigheid te leef.

64 Dan, hou al die verdraaidheid, al die goed wat in die verdraaidheid was, alles, op bestaan. Die vlees gaan na sy oordeel. Hel maak haar mond oop en sluk al die boosheid en die verdraaidheid in. En God en Sy geliefde Kerk, Sy Bruid, neem

hulle plek in vir die Ewighede wat sal aanrol. Dis die groot hoop van die Christen Kerk.

65 En Dawid het uitgeskree: "O, U goedtierenheid is vir my beter as die lewe."

66 Nou, lewe, almal wil dink aan die lewe. En lewe, die woord *lewe*, het 'n verdraaide kant daaraan gehad, omdat selfs die lewe self 'n verdraaide kant het. En baiekeer, wil die mense verwys na die lewe as om 'n lekker tyd te hê, te drink, aan te gaan, en uit te gaan. Hulle sê: "Dis die lewe." Hulle is so verkeerd. Dis die dood. Sien? Dis nie lewe nie. Dis die dood.

67 'n Paar weke gelede, oorkant in 'n groot, beroemde hotel in—in Kanada waar hulle my gehuisves het. Ek het opgegaan na my kamer, na my diens. En daar was jong dames, miskien in hulle laat tienerjare, agtien, negentien, miskien tot drie-en-twintig, iewers. Drie of vier van hulle wat op-en-af op die vloer hardloop, met net hulle onderklere aan. En met bottels in hulle hande, van een kamer na die ander gehardloop, aantreklike jong vroue.

68 Soos ek uit die hysbak geklim het, het ek gestaan en kyk. O, daar was Iets in my! Ek het gedink: "O God, sal my klein Rebekah of Sarah ooit daardie punt bereik?"

69 En ek het na hulle gekyk. Hulle het oor die vloer gesteier. Ek het net opsy gestaan, na eenkant, en hulle het verbygegaan en uitgeloop, na die ander kant toe gegaan, aan die drink. Ek het gestop, deur die gang, weer afgekyk, pragtige dametjies gesien wat waarskynlik 'n ware liefling vir 'n man kon wees. En ek het een van hulle hoor sê: "Whoopee! Dis die lewe!"

Ek het gedink: "Dis so verkeerd! Dis die dood."

70 Want, die Bybel het gesê: "Sy wat losbandig is, is lewendig dood." So dan vind ons uit, dat lewe, wat ons lewe noem.

71 En ons sien kennisgewings vandag, soos hierdie: "Waar daar Budweiser is, is daar lewe." Dis so verdraaid! Waar daar Budweiser is, is dit die dood.

72 En ons sien kennisgewings soos hierdie, ook: "Die lewe begin wanneer die son ondergaan." Nee. Die dood begin wanneer die son ondergaan. Die mense word nagkruipers. Hulle kruip snags rond. En as julle sal oplet, hulle neem die natuur van die bose aan. Boosheid kruip altyd snags rond.

73 En ek het 'n artikel in 'n tydskrif gelees, toe ek eenkeer op 'n vliegtuig was. Dit was oor Hollywood. En dit het gesê, dat: "Die lewe begin na middernag. Jy moet afgaan in sekere strate en sekere dinge." En dit het die foto gehad van losbandigheid, ensovoorts, wat aangaan.

En ek het gesê: "Dis so verdraaid!"

74 Julle sien, as Satan 'n koninkryk het, moet hy 'n valse ekonomie hê. Hy moet iets hê wat hy vir hulle kan aanbied, om vir

hulle te laat dink hulle lewe. Maar dis absoluut aan die verkeerde kant. Dis die dood, in die vorm van lewe. Sien? Dis ’n verdraaïng van werklike lewe.

75 Want, laat ons dit nou in ons verstand uitklaar, eens en vir altyd. Daar is net een manier om lewe te hê. Dis reg. “En om Hom te ken, is Lewe.” Dis die enigste manier waarop ons Lewe kan hê, en geen ander manier nie, want God het net deur Jesus Christus Lewe belowe. En die groot Jehova, sonder begin of sonder einde, sonder—sonder begin van dae of einde van jare, het vir ons Lewe gegee deur Jesus Christus, en Hom alleen.

76 Nie net om Hom te erken as ’n goeie persoon nie; nie net om Hom te aanbid as dat Hy, ’n—’n—’n god sou wees, wat Hy is, dié God. Maar, die ding om te doen, is om Hom te ken. Dis reg. Nie om Hom te aanbid nie, maar: “Om Hom te ken, is lewe.” Die duiwels het Hom aanbid. Sekerlik. Elke knie sal buig voor Hom.

77 Maar: “om Hom te ken,” in die vergewing van jou sondes, en die hernuwing van jou lewe, deur Sy Gees, daardie groot fontein van al die bronne van goedheid wat in jou woon. God wat jou die vrugte laat voortbring van liefde, vreugde, vrede, lankmoedigheid, barmhartigheid, sagmoedigheid, sagtheid, geduld, geloof, en al daardie groot eienskappe wat van God alleen af kom. Dis die enigste manier om Lewe te hê.

So, die woord *lewe* is verkeerd vertolk aan ons.

78 Nou, ons, wat ons lewe noem, iemand sal ’n nuwe motor kry, of hulle sal in die pad afgaan, en hulle sal net jaag, miskien, met die drank in hulle, en hulle arm om ’n meisie, en ’n jong kêrel sê: “Dis die lewe!” En die jong dame, met haar keuse van kêrel, en sy het ’n drankie of twee gehad, en sy sal sê: “Dis die lewe!”

79 Of, miskien die man wat altyd baie geld wou hê, en, meteens, erf hy ’n klomp geld. Hy sal ’n groot huis bou. Hy sal die beste motor kry. Hy sal skree: “Dis die lewe!”

80 Die arme wasvroutjie met haar babatjies. Sy sal ’n reis na Hollywood kry, en sy sal “koningin vir ’n dag” wees, op ’n sekere program, of sommige van daardie goed, of iets wen. Dis sal haar verheug, tot ’n punt waar sy sal sê: “Dis die lewe!”

81 Maar dis so verdraaid! Dis die dood. En hulle wat dit het, sal vergaan. En ons let op, vandag . . .

82 Nou ek mag net ’n bietjie outyds wees oor hierdie dinge, en soort van puntenerig wees en streng, maar dis eintlik om . . . Die bedoeling daarvan, is om ’n punt te maak.

83 Nou, baie, vandag, hulle kyk na ’n program. Hulle luister na plate. Hulle gaan in die restourantjies in, en jy kan skaars eet as gevolg van die—die groot plate wat hulle speel, van hierdie ruk-en-rol en—en die boogie-woogie, en al daardie spoggerige, fantango, duiwel-gemaakte, demoon-geïnspireerde plate. En, o, ek

wonder wat die uiteinde gaan wees, wanneer hulle uitvind dis nie verbind met daardie Ewige Een nie!

84 Ek reken, op daardie dag wanneer die son weier om te skyn, en alle tyd stilstaan en wegsmelt in Ewigheid, sal ek reken Elvis Presley sal heeltemal deurmekaar-geskud wees, op daardie môre. Baie beslis. Ja. Sy plaat sal 'n werklikheid wees, wanneer hy die geblêr van die miljoene siele hoor wat hy hel toe gestuur het. Die dertig silwerstukke van Judas se verraad wat klinkel op die bord, sal 'n plesier wees, teenoor Elvis Presley se verdoemde tyd, op daardie môre. Want, Judas het dit gedoen omdat dit 'n Skrif moes vervul, om die mens te red. Maar Elvis Presley het die regte ding verdraai, toe hy 'n Christen was, en sy geboortereg uitverkoop het vir 'n miljoen siele in die hel.

85 Ek reken, Arthur Godfrey, met al sy klein Godfrey'tjies, sal ook daar wees daardie môre, met sy blodines, brunette, en rooikoppe. En dit sal meer as 'n "ave Maria" kos, om ooit sy vuil siel en sy gewete te reinig, in die Teenwoordigheid van God. Wanneer hy voel soos, dat, die vuil kwinkslae en grappe, en die dinge waarmee hy miljoene hel toe gelei het, daarmee.

86 En hulle noem dit: "Lewe." Wel, dis die dood, en hulle weet dit nie.

87 Nou let op, hierin, hierdie ding wat julle "lewe" noem, word so ellendig dat mense, baiekeer, hulle lewe néém. So, dit kan nie die Lewe wees waarvan God praat nie, want jy kan nie God se Lewe néém nie, en jy kan ook nie God se Lewe géé nie. Dit berus op soewereine genade in die hande van God alleen. Maar hierdie klein sterflike, verdraaide dingetjie waarin jy lewe, genaamd die lewe, jy kan dit neem wanneer jy wil. Maar, jy wys dat dit nie Lewe is nie! Hoe ellendig word dit!

88 Dit wat ons nou lewe noem, is net 'n skaduwee of 'n negatief. Ons hou almal daarvan om te juig, maar ons kan juig oor die regte ding. Dit wys dat ons verbind is aan die egte ding, wanneer ons juig oor die regte ding. Maar wanneer ons juig oor die verkeerde ding, wys dit ons is verbind met die verkeerde ding. So, ons lewe kan net nou sê wat ons is, na watter kant toe ons emosies gaan. Sien julle? Ons is . . .

89 As ons juig oor die wêreld en die bose dinge, word ons gedagtes en siele geïnspireer van onder. Boogie-woogie, danse, hartseer, drink, al hierdie ander dinge wat ons najaag, dis van onder.

90 Maar as ons juig in die Gees, dat ons Ewige Lewe het, en ons hef ons emosies op na God en Hom loof, dan het ons vreugde. Dan het ons vreugde. Jesus het gesê: "Ek . . . dat julle blydskap volkome kan word." Maar, nie vol van die verdraaide lewe nie, maar vol van Ewige Lewe, van Bo. So, julle kan sien, dit hang af waarna jy kyk.

91 Nou net byvoorbeeld, vir die sielkundige deel daarvan, sielkundig; nou laat ons oplet, net 'n oomblik, hierdie sielkundige beskouïng. *Hier* is die prent van Christus, en *hier* is 'n elektriese waaier. Dit hang af na watter een ek kyk, sien, of my emosies *hiernatoe* beweeg word óf of my emosies *daarnatoe* beweeg word. As ek *daarna* kyk, en verlang daarna en dit begeer, is my emosies gerig op die waaier. Maar as ek *hierna* kyk, is my emosies en my begeerte gerig op daardie kant.

92 Dis waarom Jesus gesê het: "Wie ook al na 'n vrou kyk om haar te begeer, het alreeds owerspel met haar gepleeg in sy hart." Sien? Dis waarop jou emosies gerig is, waar jou gedagtes is.

93 En dan kan ons juig oor, omdat ons die kinders van die belofte is, oor die groot Ewige Kerk van God, wat Christus se Eie belofte het: "Dit kan nie faal nie." Dis reg.

94 Die wêreld dink ons is mal. "O, *hierdie* is die lewe! Whoopee!"

95 Ek moet vandag 'n jong dame sien wat gegaan het na 'n . . . En 'n sielkundige . . . Sy is vyf-en-dertig jaar oud; nooit gerook, nooit gedrink, in haar hele lewe nie. 'n Baie goeie meisie. Haar mense is Christene. Haar pa is 'n dokter. En sy was . . . het haar lewe vir Christus gegee, op 'n vroeë stadium. En wat het sy gedoen? Sy gaan uit, en sy beland uiteindelik op 'n plek by 'n kollege waar sy onderwys gegee het. En 'n sielkundige daar, hy het gaan sit en praat met haar, en hy het gesê: "Jy bedoel dat jy nog nooit deur 'n seun gesoen is nie?"

Sy het gesê: "Nie een keer, in my hele lewe nie."

96 "Jy bedoel jy het nog nooit 'n drankie gedrink en na 'n partytjie toe gegaan nie?"

"Nog nooit."

Gesê: "Meisie, jy weet nie wat jy mis nie."

97 Nou, hy wat 'n sielkundige was, hy het die meisie se gedagtes geswaai, totdat sy nou so boos en so sleg geword het, dat sy nie eers meer wil hê dat die Naam van Jesus genoem word in haar—in haar teenwoordigheid nie. En selfs haar vader en moeder kan haar nie eers meer sien nie. En sy het haar verstand verloor, en sal hierdie volgende week na die inrigting toe gaan vir skokbehandeling. Is omdat sy haar gedagtes afgehaal het van Christus af, na dit waar daardie sielkundige haar verstand heen beweeg het.

98 En dis waarvoor ons hier is, vanmôre, is om julle verstand en julle denke weg te beweeg van die dinge van die wêreld af, tot die dinge van God, wat Ewig is. En dis waarvoor prediking is, is om die denke na 'n hoër en beter te draai, en na die plek waar Christus is, totdat jy bekeer word. Dan reik jou verstand uit na daardie dinge wat van Bo is.

99 Nou, maar lewe in hierdie ander plek, raak die meisie, hulle reken sy kan, enige tyd nou, gif drink. Sekerlik, die lewe raak so ellendig, daardie soort lewe, totdat hulle hulleself doodmaak, gif drink en alles.

100 Nou, maar, God het, in Sy groot ekonomie vir die mensdom, die mens gemaak soos Hy wou hê die mens moes wees. Nou, Hy het die mens gemaak om te dors.

101 Het julle opgelet na Dawid hier? Gesê: "My siel dors na U." O, ek hou daarvan. "Soos in 'n droë lande, waar daar geen water is nie." Stel jou dit net voor. Gesê: "My siel is so dors, God! Ek dors na U, net asof ek in 'n land was waar daar geen water was nie." Hy moet water vind, of vergaan. "My siel dors na U."

102 Nou, God het 'n man met 'n dors gemaak. Dis deel van 'n mens, is sy dors. Maar, God het die dors in die mens gemaak om na God te dors. En die duiwel het dit verdraai, en maak dit 'n dors na sy koninkryk, na die wêreld. Verstaan julle dit? Die dors in die mens is goddelik, want God het die mens gemaak om te dors, dors na God.

103 En hoe durf party van julle, wat so kleinlik sal wees om uit te roep . . . probeer om daardie geseënde ding van dors te les, deur dit te probeer bevredig met drink, en rook, en televisie, en uitgaan en aangaan, en fuif, om daardie goddelike ding te probeer bevredig, wat God in jou geplaas het, om te dors na Hom. Jy besoedel die fontein wat God in jou geplaas het, om Sy Gees te ontvang, en jy verdrink dit met die dinge van die wêreld. En hulle gee nie bevrediging nie. Hulle sal nooit bevrediging bring nie.

104 En dis die rede waarom jy 'n pistool teen jou brein sit, om dit stukkend te skiet, omdat die dinge gaan soos hulle gaan. En die wêreld is op sy groot selfmoord, op 'n verdraaidheid en 'n homoseksuele, en die misdaad is in die land soos dit is, is omdat julle die einste ding wat God vir julle gegee het, verdraai, en dit probeer bevredig met die boosheid van die wêreld.

105 Neem daardie dierbare Heilige Gees, waarvoor God die dors in jou siel geplaas het om na uit te roep, en jy bevredig dit met 'n nagklub iewers, geen wonder jy het 'n hoofpyn die volgende oggend nie. Dan, sal jy 'n—'n kas bier neem en na jou huis toe gaan, en gaan sit en dit drink, om te probeer om daardie goddelike dors te les wat God in jou siel geplaas het om na Hom te dors. En neem die duiwel se gemors en probeer die—die dors les wat God in jou geplaas het, om na Hom te dors, hoe kan jy enigiets behalwe Ewige verwydering uit die Teenwoordigheid van Almagtige God ontvang! Wanneer, Hy jou gemaak het om na Hom te dors!

106 En Dawid het homself oorgegee, en gesê: "My siel dors, asof ek in 'n droë land was waar geen water is nie. Ek dors na U, O God." Daar het julle dit. Dawid het gesê: "Ek het U gesien in U heiligdom, en my siel dors na daardie Krag." Daar het julle dit.

Dis die verskil. Dis wat die verskil maak, is die dors wat God jou gee, as jy dit bevredig met die Water.

107 "Kom na My toe, almal van julle wat dors het. Kom en drink van die fonteine van die Lewe, vrylik, sonder geld, sonder prys. Daar is 'n fontein oop in die Huis van God, in die stad van Dawid."

108 Daar is die Fontein waarna julle dors. Sekerlik, dit is. Moet dit nie probeer verdraai, deur te probeer sê: "Ek sal dit bevredig, deur te drink. Ek sal dit bevredig, deur 'n afspraak met *hierdie* meisie te hê. Ek sal 'n bietjie wegglip van my man af. Ek sal 'n bietjie weggaan van my vrou af," nie. Jy hoop net oordeel op!

Jy sê: "Ek's nie tevrede nie, Broer Branham." Geen wonder nie!

109 Dis God wat met jou werk. God wat jou by iets probeer bring, en jy aanvaar die duiwel se voorstel en gaan aan daarmee. En dis hoe verdriet kom. Dis hoe die dood kom. En daardie lewe is nie Lewe nie; dis dood. "Want die loon van die sonde is die dood; maar die gawe van God is Ewige Lewe aan hulle wat Dit wil ontvang." O, moenie mislei word nie.

110 Dan, het die duiwel 'n ander manier. Ons het net 'n oomblik, nog, hiervoor. Die duiwel het 'n ander manier ook om te verdraai. Sê: "Ek sê ek drink nie, Broer Branham, ek rook nie. Ek dobbel nie. Ek sal nie ontrou wees aan my man of my vrou nie. Ek—ek sal doen . . . Ek lei 'n goeie lewe." Maar die duiwel het dit verdraai. Hy laat jou dink, om jou skuldige gewete te sus, dat jy by 'n kerk gaan aansluit en jy reg is. Dis verkeerd. Dis verdraaïng. Jy kan nie bevredig word deur by 'n kerk aan te sluit nie. Jy word net verstandelik; dis 'n intellektuele verhouding.

111 Maar jy sal nooit tevrede wees totdat jy Hom ken, as die vergifnis van jou sondes, waar die sondevraagstuk afgehandel is, en jy daardie lieflike, vredevolle, stil, Ewige, ewigdurende gemeenskap met Hom het nie. Wanneer die vrede van God, wat alle begrip te bowe gaan, jou siel gereinig het en jou 'n nuwe skepsel in Christus Jesus gemaak het. Om by die kerk aan te sluit, sal dit nie doen nie. Nee, meneer. Dit verdraai net die regte ding. As die duiwel jou nie buite in daardie dinge kan kry nie, sal hy jou in hierdie ander kry. Maar moenie tevrede wees met minder as 'n outydse ondervinding van die nuwe Geboorte, om wedergebore te word uit die Gees van die Ewige God nie. Wanneer jou siel en God saam verenig en julle een word.

112 Dawid, ook, in die Psalms, as 'n—'n man van die woude en 'n jagter.

113 Hulle gebruik dit nog in die Suide, troppe wildehonde gaan agter die takbokke aan, baiekeer. En in Afrika het ek dit opgelet. En wanneer die takbokke begin hardloop, byt die wilde honde aan hulle. En hulle het baie skerp voortande. En hulle is baie skelm, soos sonde. Hulle lê in 'n hinderlaag, vir die takbokkie.

Hulle gaan wind-af sodat hy hulle nie kan ruik nie. En hulle kom meteens uit, en hulle is oraloor die kleintjie, en hulle verskeur hom.

114 Dis wat sonde doen. Dit laat jou op die verkeerde grond beland. Wanneer jy dink dat, jy: "Wel, ek sal net 'n bietjie *hiervan* probeer. Ek sal *hiermee* wegkom. Ek . . . Hulle sal nooit enigiets daarvan, *dit*, *dat*, weet nie." Wees verseker, daar's 'n alsiende Oog wat jou dophou. En sonde lê voor die deur. Wees versigtig. Dit sal jou uitvind.

115 En dan, partykeer, as daar aan 'n takbokkie gebyt word, miskien partykeer gryp hulle hulle partykeer aan die sy. Kry hulle miskien nie hoog genoeg om hulle plat te trek nie. Gryp hulle aan die sy en skeur 'n hele stuk uit. En dan sal hy hom miskien gryp, om sy dy-spiere te breek in sy hakskene *hier*agter, wat hom sal laat stilstaan, dan kan hy nie hardloop nie. Hy's hulpeloos.

116 Maar partymaal sal dit te hoog gaan, en hom aan die heup beetkry, en 'n hele stuk uit hom uitskeur, soos *daardie*, waar die hond net uitstrek en hom gryp, en sy gewig daarteen gooi, en 'n hele stuk uitskeur. Miskien sal hy die slagaar mis in sy keel, en hom gryp aan die bors en 'n hele stuk uitskeur. En daardie arme, klein kêreltjie wat spring en hardloop so vinnig as wat hy kan, en, voor jy jou kom kry, het hy die honde vermy en het hy hulle mislei. Die honde hardloop agter iets anders aan, en hy hardloop. Hy weet dit gaan nie meer baie lank wees nie, totdat daardie honde, sodra hulle die ander een doodmaak, weer reg agter hom sal aankom. En hy hardloop, net so vinnig as wat hy kan.

117 Nou, as 'n jagter, ken ek takbokke. Ek ken hulle maniere. En as julle oplet, solank die takbok by water kan uitkom, broer, kan hy herstel binne 'n sekonde. Maar as hy nie by water kan kom nie, is hy gedaan. Maar as hy by water kan uitkom, kan jy hom heeldag lank volg, en hy sal net aanhou. Hy sal 'n stroom neem; hy sal dit oorsteek na *hierdie* kant, en hy sal teruggaan na *daardie* kant. Hy sal teruggaan na *hierdie* kant. Hy sal in die stroom ingaan en loop. Hy probeer die honde mislei.

118 Nou, Dawid het gesê: "Soos die hert smag na waterstrome, so smag my siel na U, O God." Hy is gewond. Die honde van die hel is agter elkeen van julle aan. Hy wil julle net een keer wegkry van die Herder af. En hulle gryp hulle en skeur 'n handvol *hier* uit, en 'n mondvol *hier* uit, om jou te laat stilstaan. En Dawid het gesê: "Soos die hert smag na die waterstroom!" O, hy moet die waterstroom vind, of doodgaan.

119 God, laat dit ons siel wees vandag! Gewond: "As ek nie die waterstroom kan vind nie, sal die honde my baie gou kry. Maar as ek net U waterstroom kan vind, O God!"

120 Die takbokkie weet dis óf . . . Dis dood of die waterstroom. En Dawid het gesê: "Net soos daardie takbok weet dis die dood,

of die waterstroom, dis hoe my siel dors na U. Ek moet U vind, of doodgaan."

121 O, as ons net by daardie soort Lewe kan kom! "Salig is hulle wat honger en dors na geregtigheid, want hulle sal gevul word."

122 Mag dit die motiewe van hierdie kerk wees vanmôre. Mag julle liefde weggedraai word van die dinge van die wêreld, die sorge van die wêreld. Of dit jou huis is wat skoon moet wees, of dit jou plaas is wat se onkruid uitgetrek moet word, of wat dit ook al mag wees, mag dit na God gedraai word. "O Here, U goedertierenheid is beter vir my as die hele lewe. My siel dors na U, asof ek in 'n droë land was. En soos die hert na die waterstroom, moet my siel U vind, of doodgaan."

123 Wanneer die Branham Tabernakel daardie punt bereik, sal die isme'tjies by die deur uitgaan, sal die verskille alles besleg wees, en sal Christene Christene wees. En die . . . Hierdie sal 'n plek wees waarvan gepraat word, rondom die wêreld, wanneer enige gemeente van mense sal dors na God op daardie manier. "U goedertierenheid is beter vir my, O Here, as lewe."

Kom ons bid.

124 Ons dierbare Vader, en God, soos ons nou na U toe kom by die afsluiting van hierdie Boodskappie, bid ons dat die honger en dors in hierdie kerkie sal wees, vanmôre, soos nog nooit tevore nie. Mag mans, vroue, seuns en meisies, vandag in die . . . onder die dak hier, en buitekant, of waar hulle ook al mag wees, mag hulle die Evangelie hoor, en weet dat daar iets is wat—wat hulle laat dors na iets.

125 O, so 'n onrustigheid! U het gesê dit sal 'n tyd soos hierdie wees: "onrustigheid, radeloosheid, benoudheid van nasies." O, as hulle net die smagting na meer mag sou neem, smagting na meer bomme, smagting na daardie dinge, en dit verander na 'n smagting na God se geregtigheid, dan sal die Son van Geregtigheid kom met genesings onder Sy vleuels.

126 En toe Israel in barensnood was, toe is kinders gebore. En ek bid, Vader, dat U daardie dors in ons harte sal plaas vandag, dat daar geen bevrediging nêrens in die wêreld is nie, net by die gedruis van U waterstrome. O Here, laat die diepte uitroep na die Diepte. Skenk dit, Vader. Ons bid in Christus' Naam.

En terwyl ons ons hoofde gebuig het.

127 Ek wonder, in die kerk, vanmôre, of iemand hulle hand sou oplig, sê: "Broer, pastoor, bid vir my," nou terwyl ek en Broer Neville kyk. God seën jou, broer. "Ek wil Christus hê. Ek wil 'n dors in my hart hê soos daardie. Ek is net so siek en sat van hiernatoe gaan en halfpad *hiernatoe* en *daarnatoe*. Ek wil regtig dors na God. Bid vir my, broers, pastore. Sal jy . . . "

128 God seën jou, sus. God seën jou, dame. En God seën jou, broer. Iemand anders, steek jou hand op, sê: "Bid vir my."

Soos . . . God seën jou, suster. Goed. Iemand anders nou, net voor afsluiting, steek jou hand op, sê: "Bid vir my." God seën jou, dame. Sekerlik. "Ek wil dit ook hê." God seën jou, suster, daaragter. Laat . . .

"By die gedruis van U waterstrome."

129 "O God, laat—laat—laat my weet dat ek 'n swak persoon is, dat, ek net nie weet wanneer hierdie brose draadjies van die lewe gaan breek, en ek in die Ewigheid ingaan nie. Maar laat ek so wees, O God, dat my siel so dors na U, dat ek nie meer wil drink nie, nie meer wil rook nie, nie meer wil lieg nie, niks meer te doen wil hê met sonde nie. Laat my begeertes gerig wees op die dinge van bo. Skenk dit vir my, O God, soos ek my hand opsteek."

130 God seën jou, en jou, en jou, en jou. God seën jou. Vader sien jou hand; sekerlik, die—die alomteenwoordige God. God seën jou. Bely dit net nou, terwyl julle daar sit. Bely net, sê: "Here, plaas daardie dors binne-in my."

131 Kinders, weet julle dit, dat julle God op geen ander manier as dit gaan bereik nie? Is dit daardie diepe dors, daardie—daardie iets wat verlang na God?

132 Net soos die arme, klein takbokkie, kan julle hom voorstel? Hy's gewond. Hy's sterwend. Dis óf die waterstroom, óf die dood. En hy moet . . . Kan julle hom sy koppie sien oplig? En hy ruik. Hy ruik die lug. Die bloed stroom af. Hy moet by daardie waterstroom uitkom. Hy moet dit doen. Elke stukkie, elke groen takkie, hy gaan soontoe. Hy moet dit hê. Dors jy so na God?

133 Dawid het gesê: "Dis hoe my—my—my dors is, God. Ek moet dit net kry, of ek sal vergaan. Ek wil Lewe hê. En U goedertierenheid vir my, wanneer ek U Teenwoordigheid voel, my lewe sien ooreenstem met U Woord, is beter vir my as alles, al die res, alle ander lewe en alles. U goedertierenheid!"

Bely nou jou fout, terwyl ons bid.

134 Nou, Here, U het die hande gesien. U ken die mense. En ek bid dat U elke sonde sal vergewe. Skep in hulle hierdie groot dors wat kom, wat hulle verlang. Hulle harte is honger.

135 Elke persoon in die wêreld vandag, ek dink aan hierdie, ons land, plesier-mal. O God! Films, televisies, ou vuil stories! En hoor dit verg drie of vier sielkundiges om Elvis Presley op die skerm te hou, en Arthur Godfrey en baie van hierdie ander. Dit is net verlede week onthul, deur hierdie New Yorkse joernalis, dat hy hulle besoek het en weet dat drie of vier sielkundiges, vir elkeen, om hierdie wêreld te probeer afbring na 'n plek van vuil, vieslike, smerige, onverskillige grappe.

136 En—en vroue op die straat, hoe die mans hulle verstand verloor, deur in plekke in te gaan; en vulgêre klere ontwerp om vir hulle aan te trek. En met die besef, Here, dat daardie arme, klein juffroutjie daarbuite op straat, met haar uitgestrekte

liggaampie, en vulgêre klere aan. En daardie man oorkant in die kroeg, vanmôre, wat weet hy probeer die dors les wat God hom gegee het om na Hom te dors, na God, hy probeer dit bevredig met wêreldsheid, wêreldse goed. Ons bid, God, dat op een of ander manier . . . Ek weet nie hoe nie, maar ek reken dit moet net hierdie uur wees.

137 Maar vir hulle wat wel geroep het, en hulle hande opgesteek het, gee vir hulle, Here, daardie ding in hulle hart wat hulle nodig het. Daardie kosbare dors, mag dit geles word vandag, deur die henuwing van die Heilige Gees wat baai in hulle siele en vir hulle te gee wat hulle verlang. Ek vra dit in Christus' Naam. Amen.

Daar's 'n land oorkant die rivier,
Wat ons die soete hiernamaals noem,
En ons bereik daardie oewer net deur geloof;
Een vir een bereik ons die poort,
Daar te woon saam met onsterflikes,
As die goue klokke lui vir jou . . .

Neurie dit nou, baie stadig nou.

Hoor jy nie die klokke lui nie?
Hoor jy nie die Engele sing nie?

Dis wanneer alles verenig as een.

Die glorie halleluja Jubileum.
In die verte soet en ewig,
Net oorkant die blink rivier daar,
As die goue klokke lui vir jou en my.

138 Hoeveel het Hom lief? Steek jou hand op. Dank die Here. Nou reik oor, skud hand met iemand langs jou, sê: "God seën jou."

. . . die klokke lui nie?
Hoor jy nie die Engele . . .

Sekerlik, ons is burgers van die Koninkryk.

Dis 'n glorie halleluja Jubileum.
In die verte soet en ewig,
Net oorkant die blink rivier daar,
As die goue klokke lui vir jou en my.

139 Nou, Vader, ontvang ons gees en ons aanbidding, soos ons dit toevertrou aan U. En ons maak nou net gereed om vir die siek kinders te bid. Ons bid dat U Gees op ons sal rus. Dat ons in staat sal wees om 'n gebed van geloof te bid vir diegene wat behoeftig is in hierdie uur. Skenk dit, Vader. Want ons vra dit in Christus' Naam. Amen.

140 Nou mag die siekes om die altaar vergader terwyl ons hulle salf en saam met hulle bid. Ons is bly om julle te help. Ons sal die diens verdaag, julle kan bly vir die volgende tien, vyftien minute.

141 Wel, gee ons—gee ons, Suster Gertie: "Daar wag vir my 'n blye môre."

. . . wag vir my 'n blye môre,
Waar pêrelpoorte wyd oopswaai,
As ek die droefheidsluier oorsteek,
Sal ek gaan kamp daar anderkant.

Eendag buite bereik van sterflikheid,
Eendag, net God alleen weet wanneer, waar,
Die wiel van sterflikheid sal stil gaan staan,
(Wat sal dan gebeur?)
En ek sal daar gaan woon op Sion's berg.

Eendag buite bereik . . . (Dink daaraan!) . . . sterflikheid,
Eendag, net God alleen weet wanneer, waar,
(Wat sal gebeur?)
Die wiel van sterflikheid sal stil gaan staan,
En ek sal daar gaan woon op Sion's berg.

Daal neer, soet' vuurwa,
O wat kom om my Huistoe te dra;
Daal neer, soet' vuurwa,
Wat kom om my Huistoe te dra.

Dis die ou skip van Sion,
Dis die ou skip van Sion, (Glorie!)
Dis die ou skip van Sion,
Gaan aanboord, gaan aanboord.

Dit het my ou vader al kom oplaai,
Dit het my ou vader al kom oplaai,
Dit het my ou vader al kom oplaai,
Gaan aanboord, gaan aanboord.

Dis die ou skip van Sion,
Dis die ou skip van Sion,
Dis die ou skip van Sion,
Gaan aanboord, gaan aanboord.

142 Broer Craig, [Leë kol op band—Red.] Broer Junie, kom julle almal op, bid vir die siekes. Die res van julle, Broer John, enige van julle wat wil kom, kom net. O!

O sal dit nie [Leë kol op band—Red.] wonderlik wees,
Sonder 'n las om te dra?
Vreugdegesange met hartsklokke luiend',
O sal dit nie wonderlik wees?

Sal dit nie wonderlik, wonderlik wees,
Sonder 'n las om te dra?
Vreugdegesange met hartsklokke luiend',
O sal dit nie wonderlik wees?

Wandel en praat saam met Christus,
Bonatuurlike,
Sal dit nie wonderlik wees?
Wandel en sing saam met Christus,
Bonatuurlike,
Sal dit nie wonderlik wees?

Sal dit nie wonderlik, wonderlik wees,
Sonder 'n las om te dra, daar oorkant?
Vreugdegesange met hartsklokke luiend',
O sal dit nie wonderlik wees?

143 Wanneer ons aan daardie dinge dink, hoe fantasties en wonderlik! O, Hy's 'n werklikheid vir ons. Sal dit nie wonderlik wees daar nie? Die groot Geneesheer is nou teenwoordig. Hy wil die siekes en die beproefdes genees. Hy wil diegene wat swak is, versterk. Hy wil diegene wat siek is, gesond maak.

144 Nou laat ons net nou buig in Sy Teenwoordigheid terwyl ons Hom loof.

145 O U grote Geneesheer, terwyl ons harte uitbloei, blêr ons soos U skape. En ons hoor U Gees terugbeweeg na ons. "My skape ken My Stem." En ons hou daarvan om U lof uit te skree. Ons hou daarvan om te huil van vreugde in U Teenwoordigheid. Ons hou daarvan om ons gevoelens uit te druk teenoor U, omdat ons U liefhet met alles wat in ons is. Ons hele siel, verstand, en liggaam het die Here lief.

146 En ons bid, God, dat U vir ons hierdie sal gee, dieper en dieper, die heeltyd. Mag Dit so werklik word vir ons, dat die wêreld sal vervaag, en al sy dwaasheid, dan sal daar geen gedagte meer daaraan wees nie. Dit sal vervaag na 'n Ewigheid. Dit het 'n begin gehad, mag dit nou 'n einde ook hê. Ons weet dit sal.

147 En nou bid ons, God, terwyl ons, U kinders, hier staan, om voorspraak te maak vir mekaar, in die Naam van die Here Jesus, vir die swakhede wat in ons liggaam is, veroorsaak deur sonde van die verlede, en deur die boosheid van die wêreld, en ons sterflike vlees. So onderworpe aan die hele vyand, omdat dit steeds sonde is. En ons sê dat die Bybel aan ons duidelik verklaar, dat: "Die Heilige Gees ons swakheid, en voorspraak help."

148 En ons kom vanmôre nederig na U toe, Vader, in die geloof dat U nou vir ons voorspraak sal maak, dat, soos ons ons sonde bely, en ons foute, en ons verlange na U. Ons harte honger om gesond te wees, sodat ons tot diens kan wees en die werk kan doen wat U wil hê ons moet doen. Skenk, Here, terwyl U ouderling vorentoe gaan om te salf, ek kom hande lê op die siekes, mag die Gees kom om te genees. Ons vra dat dit sal wees, deur Jesus onse Here.

Nou, ouderling, as jy hieronder sal begin en net reguit sal opkom.

149 Almal in gebed, nou, wat stadig sing *Die Groot Geneesheer.* Almal wat sal sing.

150 [Broer Branham verlaat die preekstoel en begin bid vir die siekes. Leë kol op band—Red.]

151 Ek nie verkeerd is nie, is hierdie Suster Craig. [Suster Craig sê: "Ja."—Red.] Ek verstaan jou toestand, Suster Craig, dat jy so siek geword het, jy moes verlaat . . . ? . . . ['n Suster praat met Broer Branham.] . . . ? . . . Nou kyk. Daar ver buite in daardie woestyne, het jy saam met jou man hier, geswoeg vir die saak van Christus. Die einste ding waarvoor jy gestaan het, Suster Craig, is die enigste ding wat jou nou kan help. En as God se dienskneg, en weet dat ons jou en Broer Craig hier liefhet, almal van ons hier by die kerk. En ons waardeer jou werk in die woestyn, onder Indiaanse mense. En dat jy nou kom, hierdie is die hospitaal vanmôre. Hier is waar die Geneesheer staan, daardie Grote. En om daardie operasie te doen, gaan ons jou gee 'n bietjie . . . ? . . . Die Woord van God is skerper as 'n tweesnydende swaard. Hy sal dalk wil afkom en hom wegneem. Moenie een sweempie twyfel hê nie, Suster Craig! Net soos . . . ? . . .

152 Goed, Broer Neville, gaan en salf.

153 Dierbare Hemelse Vader, hier's 'n prediker se vrou, . . . ? . . . daar in 'n warm woestyn. Daardie Indiane het gewoon en dit gehoor, hulle probeer wen vir U. En staan hier by hierdie altaartjie vandag. O genadige Vader, terwyl ons, met ons hande op haar gelê, as 'n teken, in die geloof dat die Bybel steeds die onfeilbare Wil van God is. Ons lê hande op haar. [Leë kol op band—Red.]

> . . . wit soos sneeu, niks anders as die Bloed van Jesus;
> Wat kan my dan weer genees?
> Niks anders as die Bloed van Jesus.
>
> O, kosbaar is die vloed . . .

154 [Broer Branham praat met 'n suster, terwyl die gemeente aanhou sing—Red.] God seën jou, suster.

155 Broer George Colvin se vrou is in die Norton se Sieke Hospitaal, in Louisville, vir julle wat hulle besoek. En—en Mev. Colvin, wat kanker van die maag gehad het, haar—haar skoonma, is beter. So, ons is dankbaar daarvoor.

156 Nou, net aan julle mense wat siek is, en voor gebid is, wil ek graag dit sê, net 'n woordjie. En ons is net 'n bietjie laat, maar net 'n klein ietsie.

157 In verband met Goddelike genesing, o, dis so 'n wonderlike ding. En dis so eenvoudig om—om dit te benader, as jy net die regte houding daarteenoor inneem, sien.

158 Nou, die visioen wat ek gehad het, en dit verduidelik het in die kerk hier, van die water, (julle onthou dit), en die dam wat

aan die linkerkant was, en die rivier wat agtertoe geloop het na *daardie* kant toe, elke deeltjie daarvan het ontvou net daar in Kanada, net presies. En die Saskatchewanrivier loop oos in plaas van weswaarts, en die valle was aan *daardie* kant in plaas van die ander. Ingegaan, en dit was koud, gewaai en gesneeu, weer uitgekom, en die son het geskyn. Reg daar ingegaan, die ou stomp gekry, alles, net so volmaak as wat dit kon wees. En ’n omkeer in my bediening. Presies.

159 Die Here het hier geopenbaar, ’n paar weke gelede, wat om te doen vir die onderskeiding, ensovoorts, het begin om die grootste seën te wees. En ons kan meer vir die mense bid.

160 En nou, op die platvorm, na die visioene verby was, het ons die visioene geroep en die plat-. . . eerste, om mee te begin. En toe, toe die mense opgekom het, was eerste, julle sal nou die getuienis sien.

161 Nou, hier is die rede, net hier. As—as ons nie saam grootgeword het nie. Sien, ons is net kinders hier, bymekaar, wat ons saam grootgeword het, dis waarom julle nie weet. . . Julle weet dat ek daarvan hou om te jag en vis te vang, ensovoorts, en dit—dis wat dit wegvat.

162 Broer Bill is net julle broer, sien, dat julle my liefhet en ek julle liefhet. Sien? En julle kom hier uit, en, wel, as—as julle julle ligte wou herstel, sou julle nie huiwer om my te bel, om dit te kom doen, dit te probeer nie. En as ek nie kon nie, sou ek vir Broer Rhody bel. So dan ons net. . . of iets, julle weet, van daardie aard. Sien? En dis net vanselfsprekend onder julle. Elders is dit skynbaar anders. Wanneer ons. . . Wel, nou ons. . . [Leë kol op band—Red.] Dis een van die samestellings, net soos bruin en blou-oog. Sien, dit—dis net een van die samestellings. Ons kan dit nie verhelp nie.

163 In Kanada, toe ek daar gekom het, wel, natuurlik, ek het julle vertel wat gebeur het. Ons het ’n paar duisend mense daar gehad, maar hulle was hoofsaaklik almal Anglikaans en Baptis, ensovoorts, wat my diens geborg het. Pinkstermense wat my botweg geweier het. So, toe, maar dis alles reg, daardie. Ek het hulle in elk geval lief. Sien?

164 Maar daarbinne, daardie aand, het ’n vrou na die platvorm toe gekom, die eerste, in die diens. En sy was blind, ek weet nie vir hoe lank al nie. Net soos die dame wat hiernatoe kom, vir wie ons gebid het. Hulle moes haar lei na die platvorm, sy kon nie daglig van donker onderskei nie. Sy was so vir jare. En daar gestaan, en bid vir daardie vrou, en haar oë het oopgegaan op die platvorm. En sy het ondertoe gegaan en ’n tikmasjien gekry en haar eie getuienis vir my uitgetik.

165 Die volgende daar deur, was ’n seuntjie wat absoluut. . . Die dametjie hier, hier gekom het en gebid het ’n rukkie gelede, vir ’n kindjie wat stom was. Ons het daardie kind daar op die platvorm

gehad, ek dink dit was omtrent, o, ek sou sê, agt of tien jaar oud. Kon nie, het nie een woord geken nie. Kon nie mompel nie. Kon niks hoor nie; het nog nooit. Was so gebore, absoluut geen gehoor, geen spraak nie. Daar gestaan en huil en die Here geloof, en kon enigiets hoor, en het al juigende op die platvorm gehardloop.

166 Die volgende wat gekom het, was 'n spastiese kind, omtrent twaalf jaar oud. Billy het hom help dra na die platvorm toe, en twee mans. Hy was in so 'n toestand, net soos *hierdie*, sien. Herinner my aan klein Edith Wright. En hulle het daardie kleintjie soontoe gebring. En terwyl ek gebid het, het hy gesê: "Sit my neer. Jesus het my genees." Wel, wat kon ons anders doen as om hom neer te sit? En, toe hy het, het hy geloop daardeur, gegaan soos *hierdie*, [Broer Branham klap sy hande drie keer—Red.] God geloof en geskree, en op-en-af geloop in daardie plek soos dit. En mense wat amper flou geword het, in die gehoor, soos dit.

167 Toe het 'n boggelruggie gekom, 'n groot boggel op sy rug. En hy was 'n Katoliek. Natuurlik, ons verstaan, hulle glo in genesing. Nou, aan julle Katolieke mense, niks teen julle nie. Dis alles reg, sien. Maar hulle glo in soos die standbeelde, ensovoorts, julle sien. En—en ek het gesê: "Nou kyk, seun, ons glo nie in genesing op daardie manier nie. Ons glo nie in standbeelde aanraak nie. Ons glo dat ons, deur genade van God, seuns en dogters van God is, sien, en God se Gees in ons is."

168 En ek het gesê: "Nou hier is hoe ons dit glo. Hier kom aan . . . Jesus het eendag verbygekom, en daar het 'n boom daar gestaan. En Hy het gesê . . . Hy het gesoek na 'n vrug, en daar was geen vrug nie, en Hy het gesê: 'Niemand eet weer van jou, van . . . vir altyd nie,' weggegaan. En die volgende dag, toe hulle daar verbygegaan het, was daardie boom verdroog. Petrus het gesê . . . Wel, julle ken Petrus—Petrus, hoe hy was. Hy—hy het gesê: 'Wel, kyk na die boom! Aanskou dit.' En Jesus het gesê: 'Glo in God. Want as jy vir hierdie berg sê: "Word opgehef," en nie twyfel nie, maar glo dat wat jy gesê het sal gebeur, sal jy kry wat jy gesê het.'" Ek het gesê: "Verstaan jy dit?"

"Ja."

169 "'Wanneer julle bid, glo dat julle kry waarvoor julle gevra het, julle sal dit kry.'"

170 Ek het gesê: "Sien, ons, nadat ons die Gees van God ontvang het . . . Nou, God het die wêreld uit niks gemaak. Dis net Sy Woord. Hy het net geskep. Sy Woord is skepping. So, Hy het Dit net gespreek, en die wêreld is geskape. Want, Dit was die voorwerp in God se gedagte, in Sy hart. Hy het dit net gespreek, en dit het ontstaan. Hy was 'n Skepper." Ek het gesê: "Dan, as ons *Zoe*, God se Lewe, in ons het, word ons seuns van God, en amateur skeppers," ek het gesê: "want Hy het gesê: 'Wat jy ook al sê, glo dat wat jy gesê het, jy sal kry.'"

171 En ek het dit opgelet. Baiekeer, sou ek dinge sê wat ek kwalik self kon dink, maar ek sou dit in elk geval sê. En ek het uitgevind, dit het net so gebeur. Ek sou dinge sê wat ek dit kwalik bedoel het om so te gebeur, maar dit het, in elk geval, want ek het dit gesê. Ek het gedink: "Wag 'n oomblik!"

172 So, ek het gesê: "Jy sien, wanneer ons enigiets sê, as iets geanker is vir ons, moet ons dit nooit sê voordat ons dit glo nie. Dan, wanneer ons dit glo, sê ons dit, en daardie skeppende Woord gaan uit. Dis 'n deel van God, sien, en Dit het geskep."

173 Gesê: "Ek verstaan." Ek het my arms om hom gesit, vir hom gebid.

174 In die wete dat hy Katoliek was, het ek gesê: "Nou, wag jy net. Vanaand, wanneer jy huistoe gaan, sit jy 'n toutjie om jou, soos *hierdie*, en trek dit styf. Laat Mamma dit doen. En sny dit af. En dan, môre-aand, as dit nie drie duim gekrimp het nie, dan is ek 'n valse profeet. Bring dit terug, en bring dieselfde toutjie. Sny dit af, en lê dit hierbo neer."

175 Na hy weg is, het ek gedink: "Wat het ek gesê? Wat het ek gesê? Wat as daardie kritiek daar sou wees, julle sien?" Ek het gedink: "Maar, as God dit gesê het, want ek het nie geweet ek sou dit sê nie, so ek sal dit net so los soos daardie." Hom laat voortgaan.

Die volgende aand, was net omtrent *so* lank, sien waar dit is.

176 So, die volgende, paar daarna, was 'n seuntjie wat deurgekom het, 'n boggeltjie op sy rug, ver uitgesteek soos *dit*. Daar was 'n hele klomp klein, Frans Kanadese Katolieke wat gekom het, en gered en gevul is met die Heilige Gees daar. Sien? En hierdie seuntjie het 'n arm gehad, onder soos *daardie*, 'n klein boggeltjie op sy rug. Klein kêreltjie, omtrent *so*, hy het deurgekom. En ek sou bid vir hom. Ek het gesê: "Skat, het jy gesien wat ek vir daardie ander seun gesê het van sy skouertjie?" En, toe, sien, die klein boggelruggies, hulle kan nie hulle arms *so* oplig nie. Sien, hulle is boggelrug, iets gaan in hulle rug hier.

177 Hy het gesê: "Ja, meneer." Gesê: "Ek kan nie terugkom nie." En uitgevind, hy was 'n baie arm familie, ver oorkant in Brits Columbië. Sien? Het nie enige geld gehad, om langer te bly nie.

178 Ek het gesê: "Wel, God sal jou genees, skat." Ek het my arm om hom gesit.

179 Nou, ek—ek—ek wil—wil nie iets sê wat nie reg is nie. Ek—ek—ek wil sê wat reg is, julle sien. En ek het my arm om die kêreltjie gehad, en my hand oor daardie groot boggel. En dit het vir my gevoel of daardie boggel beweeg, en my hand het ingegaan.

180 So, toe ek ophou bid het, het ek na hom gekyk. Sy ogies het geblink. Ek het gesê: "Het jy dit gevoel?"

Hy het gesê: "Ja, meneer, ek het."

181 En ek het omgekyk, daar was geen boggel daar nie. Ek het gesê: "Steek op jou hand." En daar het hy gegaan, net heeltemal normaal, reg voor die gehoor daar.

182 En, o, dit was net . . . O, ek weet nie hoeveel groot dinge ons Here gedoen het, elke aand, van die dowes, stommes, blindes nie.

183 En julle weet daardie dogtertjie waarvan ek julle vertel het, in Duitsland, wat gehad het daardie . . . Julle weet hoe sy op die platvorm gekom het, wat die kommuniste laat . . . die seile geneem . . . wind uit hulle siele geneem het? Daardie storie het volmaak herhaal. 'n Dogtertjie het opgekom, het lang vlegsels gehad, klein spitsgesiggie; blind, hulle het haar boontoe gelei. En ek het gesê: "Sy lyk soos die klein Duitse dogtertjie; ogies so wit." Ek het gesê: "Sy lyk soos die klein Duitse dogtertjie wat in Duitsland was." Ek het gesê: "Hoeveel hierbinne het al ooit gelees of op die bandopnames gehoor, ensovoorts." En, o, honderde en honderde hande. Ek het gesê: "Lyk net soos 'n klein Duitse dogtertjie." En ek het gesê: "Is jy haar pa?"

Hy het gesê: "Ja, meneer."

Ek het gesê: "Wat is haar nasionaliteit?"

184 Gesê: "Ek's Duits." Gesê: "Ons is—ons is Duits." Beide hy en sy vrou, albei.

185 Wel, die Duitse dogtertjie, presies, daardie vlegseltjies wat teen haar rug afhang soos daardie. "O," ek het gedink: "Here, as U dit net weer sal doen!" Sien? Nou wat is dit? Ek het gedink: "Nou, as ek net kan . . . My daardie geloof gee, om te weet dat dit so gaan wees, kan ek dit sê, en ek glo dit sal gebeur." Maar, eers, dit moet eers *hier* gebeur. Sien?

186 So ek het dit gekry, met al die simpatie wat ek vir die dingetjie kon hê, en ek het haar nadergebring soos dit. En ek het gesê: "Kan jy enigiets sien?"

"Nee, meneer."

187 Gesê: "Sy het nie gesien nie." O, ek dink nie sy . . . Miskien het sy nog nooit gesien nie. Ek weet nie net hoe lank dit was vandat sy gesien het nie; en miskien nooit nie. Haar ogies, net soos wit balletjies oor hulle, soos daardie.

188 En so het ek die dingetjie vasgehou soos *daardie*, en vir haar gebid. En sy het geglimlag toe ek haar gelos het. Ek het gesê: "Sien jy, skat?"

189 Gesê: "Ja, meneer." En sy het begin glimlag, traantjies wat teen haar wangetjies afloop. Net 'n klein dingetjie, omtrent soos *daardie*.

Ek het gesê: "Sien jy regtig?"

Sy het gesê: "Ja, meneer."

190 Ek het gesê: "Nou kom jy hiernatoe na waar ek is, en sit jou vinger op my neus." En hier het sy gekom, geglimlag soos daardie, en gekom en haar vinger op my neus gesit.

Ek het gesê: "Hoeveel vingers het ek opgesteek?"

191 Sy het gesê: "Jy het vyf." En haar pa het net amper flou geword.

Ek het gesê: "Wat het jy gesê, skat? Hoeveel vingers?"

192 Sy het gesê: "Jy het net een nou." En daar was sy, heeltemal blind, het haar sig ontvang.

O, Hy is wonderlik! Dis—dis amper ongelooflik.

193 Maar, vriende, ek mag terugkom vanaand. As ek nie is nie, dan miskien volgende Sondag. Moenie ons diens in Indianapolis vergeet, wat nou begin nie.

194 Kyk, ek het iets waaroor ek met die kerk wil praat. Dis 'n boodskap oor die tye. Ons is aan die einde, mense. Kyk, kyk na hierdie siklone en hierdie tornado's. Was nog nooit van gehoor nie. Kyk na die aardbewings, alles, elke volk. En, broer, hulle praat van hierdie ontwapeningsprogram. Dis presies wat die duiwel wil hê. Stapel hulle net op hier oorkant, sodat ons die hele ding kan opblaas. Dis net presies wat hy wil hê. Sien? O, ons woon net bo-op die kruitvat, en die lont is aan die einde.

195 Waarvan ek gepraat het vanmôre, *Lewe*, o, soek julle daarna met julle hele hart. Ek kon nie . . .

196 As jy mense te veel dinge vertel, raak hulle heeltemal deurmekaar en dan weet hulle nie wat jy sê nie, julle sien. Dis . . . Jy kan nie met mense praat nie . . . Net een ding op 'n slag, is die beste manier om dit te kry. En ek het net nie . . . Miskien een diens, nou en dan, by julle, en ek kan julle nie vertel soos ek wil nie, julle sien. En julle raak heeltemal deurmekaar as ek julle te veel goed vertel.

197 Maar onthou hierdie een ding, vanmôre, soek die Lewe. O, jaag Dit na. Dors Daarna. Hou net aan uitreik Daarna. Moenie dat enigiets in jou pad staan nie. Soek Daarna.

En tot ons dit doen, soos ons verdaag, wat moet ons doen?

Neem die Naam van Jesus met ons,
Aan Sy voete val ons neer,
Koning van konings in die Hemel, Hom kroon,
As ons reis verby is hier.

Goed, op ons voete.

Neem die Naam van Jesus met jou,
Kind van droefheid en van wee;
Dit bring troos en vreugde vir jou,

198 Ek sê julle wat ons maak. Draai reg rondom en skud hand met iemand daar, sê: "Aangename kennis, broer? Ek is baie bly om jou te ontmoet."

Dierb're Naam, O hoe soet!
. . . en Hemelvreugd;
Dierb're Naam, dierb're Naam, O hoe soet!
Aardse hoop en vreugd . . .

199 Nou kyk weer hierdie kant toe. Ons is bly om by ons te hê vanmôre, Broer George Craig van Arizona, een van ons broers. Ons is bly om Broer Whitney hier te hê, van St. Louis. Hy sal by Broer Cauble wees vanaand, om oor profesie te leer, van die diagram af, by Broer Cauble se kerk. En—en dan is Broer Junior Jackson daaragter, en ook Broer—Broer Collins, en Broer John O'Bannon, en—en baie van die ander predikers hier. Ons is almal bly om julle hier te sien.

Voor die Naam van Jesus buig ek,
Aan Sy voete val ek neer,
Koning van konings in die Hemel, Hom kroon,
As ons reis verby is hier.

Dierb're Naam, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd;
Dierb're Naam, O hoe soet! O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd.

Lewe AFR57-0602
(Life)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagoggend, 2 Junie 1957, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2018 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org